NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 1 VERSOENINGS

**Verwys na die inligting aangaande The Karaoke Club.**

**Hierdie vraag bestaan uit drie dele, naamlik Deel A, Deel B en Deel C.**

### DEEL A

Gebruik die inligting aangaande die debiteure van The Karaoke Club om die vrae hieronder te beantwoord.

1.1 Stel die ouderdomsontleding vir debiteur **Beefcakes** op 30 April 2025 op. Toon al jou berekeninge sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

**Let wel:** Alle transaksies moet as deel van jou berekeninge aangedui word, ongeag die netto effek.

| 90+ dae | 60+ dae | 30+ dae | Huidig |
|---|---|---|---|
| (2 700)<br>25 700<br>(15 300)<br>(7 700) | 46 260<br>27 900<br>(29 200)<br>(8 820)<br>(3 600)<br>3 600 | 35 640<br>(11 700) | 55 800 |
| Moenie bereken nie | | | |

1.2 Verwys na die betaling wat op 30 Maart 2025 deur debiteur **Ed's Diner** gedoen is en die bykomende inligting wat verskaf word om die persentasie afslag wat toegestaan is, te bereken.

$40\,320 - 39\,312 = 1\,008$ **OF** $\frac{39\,312}{40\,320} \times \frac{100}{1} = 97{,}5\%$

$\frac{1\,008}{40\,320} \times \frac{100}{1} = 2{,}5\%$ $100\% - 97{,}5\% = 2{,}5\%$ afslag

## DEEL B

Gebruik die inligting aangaande die **enigste krediteur** van The Karaoke Club om die vrae hieronder te beantwoord.

1.3 Versoen die Krediteuregrootboek met die Krediteureversoening deur die tabel hieronder te gebruik. Negatiewe syfers moet tussen hakies () geplaas word. Plaas 'n X in die "Geen effek/Geen inskrywing"-kolom waar geen verandering in óf die Krediteuregrootboek óf die Krediteureversoeningstaat nodig is nie.

| Berekeninge (waar nodig) | Krediteure-grootboek<br>R | Krediteure-versoening-staat<br>R | Geen effek/Geen inskrywing (X) |
|---|---|---|---|
| 1. en 2. Verkeerde beginsaldo's | 163 170 | 203 670 | |
| 3. | 45 000 | 45 000 | |
| 4. KK is in die AG | | | X |
| 5. 75 240 ÷ 0,95 | | (79 200) | |
| 6. | | 63 000 | |
| 7. | 61 200 | | |
| 8. 18 450 × 2 = 36 900 | (36 900) | | |
| 9. Gekorrigeerde saldo's → | 232 470 | 232 470 | |

## DEEL C

1.4 Ontleed die verhoudings wat verskaf word krities en maak toepaslike voorstelle waar probleme duidelik is.

| |
|---|
| Debiteure ↑ met 7,6 dae (van 59,7 dae tot 67,3 dae) – verswak of verleng |
| Debiteure moet beheer word om nie stadiger te word nie en om onder 30 dae te kom |
| Krediteure ↓ met 0,8 dae (van 93,6 dae tot 92,8 dae) – verkort of verbeter |
| Krediteure moet vroeër betaal word om onnodige rente te vermy (vroeër as 90 dae) |
| Debiteure betaal 25,5 dae voor krediteure betaal word |
| Geld kom van debiteure in voordat krediteure betaal word |

IEB Copyright © 2025

**VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [38 punte; 46 minute]**

**Verwys na die inligting aangaande KAP Industrial Holdings Limited.**

2.1 2.1.1 Bereken bruto wins as 'n persentasie van verkope vir **2023**.

| |
|---|
| 4 926 / 29 628 × 100 = 16,63% |

2.1.2 Bereken bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope vir **2022**.

| |
|---|
| 2 578 / 27 979 × 100 = 9,21% |

2.1.3 In die Direkteursverslag word genoem: "*Groepinkomste (verkope) het met 6% toegeneem, met prysverhogings wat grondstofkoste-eskalering en stygende bedryfsuitgawes toereikend verreken het."*

Evalueer hierdie stelling krities met verwysing na:
- Inkomste (verkope) teenoor koste van verkope jaar tot jaar.
- Die verandering in bedryfsuitgawes jaar tot jaar.

Haal finansiële resultate (syfers/verhoudings) aan om jou bespreking te ondersteun.

| |
|---|
| Inkomste (verkope) teenoor koste van verkope jaar tot jaar |
| Bruto wins op verkope ↓ 19,71% tot 16,63% (met 3,08%) **OF**<br>Verkope ↑ met 5,89% |
| Bruto wins op koste van verkope ↓ 24,54% tot 19,94% (met 4,60%) **OF**<br>Koste van verkope ↑ met 9,96% |
| Bewys toename in koste (KVV) (en dalende winsgrens) **OF**<br>Groter toename in KVV as in verkope lei tot ↓ van 10,66% in BW |
| |
| Bedryfsuitgawes jaar tot jaar |
| Bedryfsuitgawes op verkope ↓ 9,21% tot 8,64% (met 0,57%) **OF**<br>Bedryfsuitgawes ↓ met 0,7% |
| Beter beheer oor uitgawes as in 2022 (inflasie) |
| Beteken bedryfsuitgawes het gedaal bewys ook dat die toename verreken is in verkope |

IEB Copyright © 2025 

2.2 By die Algemene Jaarvergadering (AJV) van **2023** het 'n meerderheid aandeelhouer voorgestel dat die maatskappy 'n lening van R350 miljoen verkry om kontantvloei te verhoog, aangesien dit die risiko met net 0,03:1 sal verhoog.

2.2.1 Bewys deur middel van 'n berekening hoe die risiko met 0,03:1 sal verhoog (indien aangeneem word dat daar geen verandering in ekwiteit is nie).

| |
|---|
| 9 735 + 350 : 11 705<br>10 085 : 11 705<br>0,86 : 1<br><br>0,86 : 1 (– 0,83 : 1) = 0,03 : 1 |

2.2.2 Verwys na die **opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend en hefboomwerking** en evalueer waarom die verkryging van hierdie lening **nie** in die finansiële belang van die maatskappy sal wees nie, ten spyte daarvan dat die risiko slegs marginaal toeneem.

| |
|---|
| OOKA ↓ van 10,67% tot 7,58% (met 3,09%) |
| Rente op langtermynlening van 9,25% is hoër as dit |
| Maatskappy het negatiewe hefboomwerking |
| Lening sal die maatskappy wins kos/rente sal wins verder verlaag |

IEB Copyright © 2025 

2.3 Aandeelhouers is bekommerd oor (a) die opbrengs op hul belegging in KAP, (b) verdienste en dividende en (c) die waarde van aandele.

Bespreek deur finansiële aanwysers/verhoudings aan te haal waarom hulle rede tot kommer het.

| | |
|---|---|
| (a) | Die opbrengs op hul belegging |
| | Opbrengs op aandeelhouersbelang ↓ 15,03% tot 4,14% (met 10,89%) |
| | In 2022 was opbrengs hoër as dié van alternatiewe beleggings, maar is nou laer as dié van alternatiewe beleggings **OF** Netto-wins het gekrimp, maar ekwiteit het gebly |
| | Konstant (nie aantal aandele nie) |
| | |
| (b) | Verdienste en dividende |
| | VPA ↓ 76% (van 70,3 sent tot 16,7 sent) |
| | DPA ↓ van 29 sent tot geen dividend in 2023 |
| | Verdienste in 2023 uiters laag (minder as die dividende in 2022) **OF** Netto-wins verminder |
| | Om nie dividende te verklaar nie/alle verdienste in 2023 te behou was 'n gesonde finansiële besluit **OR** verwatering van aandele (5 miljoen aandele uitgereik) |
| | |
| (c) | Die waarde van aandele |
| | NBW ↓ slegs 2 sent (van R4,75 tot R4,73) |
| | **OF** NBW ↓ slegs 2,47 sent (van 475 sent tot 472,53 sent) |
| | JSE-prys ↓ van R4,45 tot R2,70 (met R1,75) |
| | Groot daling in vraag na aandele **OF** Swak beleggersvertroue |

IEB Copyright © 2025 

2.4 Bykomende aandele is uitgereik en ander aandele is gedurende 2023 teruggekoop.

2.4.1 Wie magtig die transaksie om die aandele terug te koop?

| |
|---|
| Direkteure/aandeelhouers |

2.4.2 Watter eksterne ouditbewys kan aan die onafhanklike ouditeur gelewer word dat hierdie transaksie aangegaan is?

| |
|---|
| Bankstaat (EFO) / JSE-state |

2.5 KAP Ltd het omvattende korporatiewe sosiale verantwoorlikheid- (KSV-) programme en voldoen aan King IV.

Verduidelik TWEE finansiële voordele en TWEE **verskillende** finansiële nadele vir KAP Ltd as 'n direkte/indirekte gevolg van hul KSV-programme.

| Voordele |
|---|
| • Verbeterde maatskappyreputasie kan tot groter klantelojaliteit en meer verkope lei |
| • Verbeterde maatskappyreputasie kan tot nuwe sakegeleenthede / gesamentlike onderneming / vennootskappe lei |
| • Verbeterde maatskappyprofiel kan tot styging in aandeleprys lei |
| • Lok beleggers wat in volhoubare en etiese ondernemings belang stel |
| |
| Nadele |
| • Uitgawes wat met KSV-programme verband hou, verminder wins van die maatskappy |
| • Om nie KSV-programme te hê nie, kan boetes beteken (King-kode en Maatskappywet) |
| • Programme wat misluk, kan die beeld van die maatskappy skaad en tot 'n verlies van verkope lei |
| 'n Voordeel kan nie omgekeerd as 'n nadeel herhaal word nie |

IEB Copyright © 2025 

2.6 Verwys na Artikel D.

2.6.1 Waarom word prysvasstelling as onetiese sakepraktyk beskou?

| |
|---|
| Dit beperk die markmeganisme van vraag en aanbod OF |
| Dit meng in met klante se vermoë om laer pryse te hê **OF** Teen die Wet op Mededinging Wet 89 van 1998 |

2.6.2 Evalueer waarom dit binne die vermoë van KAP Holdings sal wees om die verantwoordelike individue te ontslaan.

| |
|---|
| • KAP Holdings se etiese kode is oortree |
| |
| • Het die naam/reputasie van die maatskappy in oneer gebring OF het skade aan die beeld van die maatskappy veroorsaak |

2.6.3 Hierdie artikel het 'n aansienlike daling in die verhandelingsprys van aandele op die JSE veroorsaak voordat dit weer begin styg het.

Watter maatreëls/stappe het hulle ingestel om skade te beperk en hierdie ommekeer in die aandeleprys te skep?

| |
|---|
| • Het die verklaring uitgereik/die artikel gepubliseer (deursigtigheid) |
| • Het 'n etiekblitslyn gevestig |
| • Het 'n eksterne persoon aangestel om ondersoek in te stel (onbevooroordeeld, objektief) |

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3 BEGROTINGS

**Hierdie vraag bestaan uit twee onafhanklike dele, naamlik Deel A en Deel B.**

## DEEL A

**Verwys na die inligting aangaande The Flying Spanner Workshop.**

3.1 Bereken die ontbrekende syfers gemerk A–D in die Kontantbegroting en Krediteure-betalingskedule.

| | |
|---|---|
| A. | 124 500 × 1,13 = 140 685 |
| B. | 48 792 ÷ 0,95 = 51 360<br>**OF**<br>48 792 × 100 / 95 = 51 360 |
| C. | 78 000 × 45% = 35 100 |
| D. | D1<br>31 500 × 60% = 18 900<br>**OF**<br>32 040 – 19 440 = 12 600<br>31 500 – 12 600 = 18 900 |
| | D2<br>35 100 (sien C) × 40% = 14 040 |
| | D3<br>18 900 + 14 040 = 32 940 |

3.2 Bereken die handelsafslag vir die maand **Junie 2025** en verduidelik waarom hierdie syfer nie in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste getoon sal word nie.

| |
|---|
| 18 360 ÷ 60% = 30 600 (Junie se kredietaankope)<br><br>30 600 ÷ 45% = 68 000 (Junie se totale aankope)<br><br>68 000 × 55% = 37 400 (Junie se kontantaankope)<br><br>37 400 × 10% × 5% = 187 |
| Dit is handelsafslag/handelsafslag inskrywing word nie getoon nie/afgetrek voor optekening |

IEB Copyright © 2025

**DEEL B**

**Verwys na die inligting aangaande Mzansi Amanzi.**

**Verwys na Inligtingspunt A.**

3.3 Evalueer verkope vir **April 2025** en die impak wat dit moontlik op Mzansi Amanzi kon gehad het krities. Motiveer jou redenasie met syfers.

| |
|---|
| • Totale verkope van R1 198 800 was slegs 74% van begrote verkope van R1 620 000 |
| • Kontantverkope van R599 400 is slegs 52,86% van begrote kontantverkope |
| • Kredietverkope van R599 400 is 23,3% hoër as waarvoor begroot is |
| • Het begroot dat kontantverkope 70% van totale verkope sal wees, maar in plaas daarvan is slegs 50% vir kontant verkoop **OF** |
| Het begroot dat kredietverkope 30% van totale verkope sal wees, maar in plaas daarvan is 50% op krediet verkoop |
| • Om 'n hoër persentasie kredietverkope te hê sal die kontantvloei van die onderneming negatief beïnvloed |

**Verwys na Inligtingspunt A en Inligtingspunt B.**

3.4 In April 2025 was die werklike kommissie wat op verkope betaal is laer as waarvoor begroot is. In Mei 2025 het die werklike kommissie aansienlik meer toegeneem as die toename in verkope. Gee TWEE redes hiervoor.

| |
|---|
| • Verkope het toegeneem, dus sal kommissie toeneem |
| |
| • In April was kommissie 15% op verkope, maar in Mei het dit tot 18% gestyg |

IEB Copyright © 2025

3.5 Sipho het die winsgrenspersentasie in Mei 2025 verlaag. Ontleed die positiewe effek wat dit gehad het op hoeveel kiloliter in Mei 2025 verkoop is. Hoe het dit tot kontantvloei bygedra? Verskaf syfers om jou antwoorde te motiveer.

| Effek op kiloliter verkoop |
|---|
| • Kiloliter verkoop is 1 350 hoër as waarvoor begroot is (9,09%) |
| • **OF** 62% meer as April 2025 se werklike verkope |
| Bydrae tot kontantvloei |
| • Kredietverkope is 70% van werklike verkope OF Kontantverkope is 30% van werklike verkope |
| • Selfs al lyk verkope goed, word negatiewe kontantvloei steeds deur hoë kredietverkope vererger |
| **OF** vergeleke met 50% in April het kontantvloei in Mei met 20% afgeneem |
| • Moet kredietverkope verlaag en kontantverkope verhoog om kontantvloei reg te stel |
| **OF** selfs met laer winsgrens is totale verkope steeds 1,82% minder as waarvoor begroot is (R32 400) |

3.6 Verduidelik waarom die moreel van die verkoopsmense van April tot Mei 2025 aansienlik sou toegeneem het. Verskaf syfers as bewys.

Verduidelik ook waarom die moreel van die bestuurder aansienlik sou afgeneem het vir dieselfde tydraamwerk. Verskaf syfers as bewys.

| Waarom moreel van verkoopsmense toegeneem het |
|---|
| Elke verkoopspersoon het R52 488 (314 928/6) verdien vergeleke met R22 477,50 in April (133,51%) (kommissie neem to vanaf 15% tot 18%) |
| |
| Waarom moreel van bestuurder afgeneem het |
| Selfs al het hy 'n 10%-verhoging ontvang, verdien die verkoopsmense R19 488 meer as hy |

IEB Copyright © 2025

3.7 Dink jy dit was die regte besluit om twee van die houers aan die einde van April 2025 te sluit? Regverdig jou antwoord en motiveer met syfers.

☐ Ja, dit was die regte besluit ☐ Nee, dit was die verkeerde besluit

| |
|---|
| NEE: |
| Met 2 houers minder het hulle byna hul teiken vir totale verkope behaal vanweë die verlaagde winsgrenspersentasie. As die ander 2 houers nog daar was, sou hulle begrote verkope oortref het |
| Elke verkoopspersoon sou steeds 'n redelike bedrag verdien, maar nie meer as die bestuurder nie. Die styging in kommissiepersentasie spoor hulle aan om harder te werk |
| |
| JA: |
| Verlaag huur van houers en spaar R150 000 |
| Minder verskoopsmense om oor toesig te hou en betaal kommissie |
| Met minder houers het hulle steeds hoër verkope gehad |

**Verwys na Inligtingspunt C.**

3.8 Bereken die totale waarde van die **kapitaalgedeelte** van die voorgenome lening.

| |
|---|
| 185 750 / 8% = 2 321 875 |

3.9 Waarom sal die verkryging van die lening 'n beter finansiële besluit vir die onderneming wees?

| |
|---|
| Die deposito van R185 750 en maandelikse terugbetaling van kapitaalgedeelte van R17 801 is steeds baie minder as die huurkoste van die houers |

3.10 Identifiseer uit die beskikbare inligting 'n moontlike manier waarop Sipho die houers op 'n later stadium kan koop sonder om van die lening gebruik te maak.

| |
|---|
| Hy moet strenger wees met kredietverlening. As hy by 70% kontantverkope bly, sal hy kontant opbou wat gebruik kan word om die houers te koop |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025